



20 April 2017

Geagte Skoolhoof

U is waarskynlik bewus van die komende hofsaak oor die rol van godsdiens in skole wat in Meimaand gaan voorkom. In die lig van die belangrikheid van hierdie saak doen ons 'n beroep op skole om hulself van die feite te vergewis deur die oorspronklike hofstukke te bestudeer, en nie op sekondêre bronne soos hierdie skrywe, nuusbriewe of mediaverklarings staat te maak nie. In die lig van die belangrikheid van hierdie saak en omdat ons in die openbaar by die saak betrek is, neem ek die vrymoedigheid om ons siening aan u deur te gee.

Dit is vir ons as 'n beweging met 'n Christelike grondslag uiters belangrik dat openbare skole die vryheid moet hê om 'n Christelike karakter te kan kies. Hierdie geloofsuitgangspunt is grondwetlik moontlik, prakties uitvoerbaar en speel 'n belangrike rol in die sukses van talle skole in die land. Daarom was ons dankbaar om te verneem dat Fedsas en die SAOU as die twee belangrikste rolspelers in die skole waar ons ledegemeenskap se kinders meestal skoolgaan, baie sterk standpunt ingeneem het ten gunste van die reg en vryheid van skole op 'n Christelike karakter. Dit het ons nie verbaas nie omdat ons die SAOU-leierskap en die groot meerderheid onderwysers leer ken het as roepingsgedrewe mense wat vir Christelike onderwys leef. Die bekende sosioloog, professor Lawrence Schlemmer, het selfs die sukses van Afrikaanse skole grootliks aan roepingsgedrewe onderwysers toegeskryf.

Gevolgtik het ons nie gehuiwer om grootskaalse finansiële steun vir regshulp aan die ses skole beskikbaar te stel wat deur 'n klein groepie aktiviste hof toe gesleep is nie. Hierdie bystand verteenwoordig die grootste enkele bedrag waarmee ons nóg 'n ander instelling bygestaan het omdat dit hier vir ons oor die toekoms van skole en Christelike onderwys gaan. Daarmee saam het AfriForum ook toegetree as vriend van die hof om só, waar nodig, die skole en Fedsas (wat die skole verteenwoordig) te ondersteun. Om dieselfde rede was ons ook dankbaar toe die SAOU op 10 Maart 2016 aansoek gedoen het om as vriend van die hof toe te tree, veral omdat dit die kern van hul eedsverklaring was dat skole wel die reg het om hulself met 'n



☎: 012 644 4300 • 📠: 012 664 6493 • ✉: Posbus / PO Box 11760, Centurion, 0046

🏠: H.v. D.F. Malanrylaan en Eendrachtstraat, Kloofsig, Centurion  
Cnr DF Malan Dr. and Eendracht str., Kloofsig, Centurion

[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za) • 0861 25 24 23

bepaalde geloof te belyn. Terselfdertyd was ons bemoedig deur die SAOU-ledeopname wat bevind het dat 95% van hul onderwyserslede die beginsel van keusevryheid ten opsigte van 'n bepaalde godsdienstige etos en karakter by 'n bepaalde skool steun.

### **SAOU-ommeswaai**

Daarom was ons oorbluf toe die SAOU bykans 'n jaar later, op 28 Februarie 2017, hofstukke ingedien het wat lynreg teen hul vorige eedsverklaring én die sterk pro-godsdiens-standpunt van hul lede en ledeskole indruis. In sy nuwe stukke het mnr. Chris Klopper van die SAOU erken dat besluit is om hul standpunt te hersien. Die SAOU se nuwe standpunt kom kortliks daarop neer dat skole nie 'n bepaalde geloofskarakter moet en mag aanneem nie en dat dit ook nie in die beste belang van leerders is dat 'n skool 'n bepaalde geloofskarakter aanneem nie.

Hoewel die SAOU se hofstukke toegee dat beheerliggame die aangewese liggaam is om 'n godsdiensbeleid vir 'n skool te bepaal, word dit gekwalifiseer deur aan te voer dat skole nie 'n godsdienstige identiteit mag hê nie. Met hierdie ommeswaai verander hul standpunt van Christelike onderrig déúr skole na godsdienstige onderrig ín skole. Hierdie verskuiwing verskil merkwaardig van die SAOU se verklaring van Desember 2015. Indien die hof hierdie standpunt, wat die SAOU nou in gemeen het met die Organisasie vir godsdiens-onderrig en Demokrasie, aanvaar beteken dit dat die status quo verwerp word en dat 'n skool gevolglik nie 'n Christelike karakter sal mag hê nie. Dit kan die skool se rol in die oordra van gesonde waardes soos liefde, respek, hardwerkendheid en verantwoordelikheid ernstig belemmer. Dit beteken verder dat enige godsdiensbeoefening ná skool of in pouse sal moet plaasvind.

Wat geloofsbeoefening in openbare skole betref, glo ons dat onderwysers en beheerliggame uit hul pad gaan en goed daarin slaag om leerders te akkommodeer wat kies om nie aan godsdiensbeoefening deel te neem nie. Alhoewel die SAOU die ses skole se argumente en die deskundiges se menings wat die skole ingewin het nou verwerp, kon ons geen praktiese voorstelle in die SAOU se nuwe hofstukke vind oor hoe godsdiensbeoefening ingevolge die nuwe posisie daar sal uitsien nie.

Ten spyte van hierdie gebrek aan praktiese voorstelle is daar heelwat praktiese en permanente gevolge sou die SAOU se huidige posisie deur die howe aanvaar word. Enkele voorbeelde wat in gedrang kom, is skole se identiteit soos wat dit in talle skole se skoolwapens, skoolliedere, gedragskodes, skooldrag en leuses vergestalt word.

## **Openbare misleiding**

Verder stel die nuwe hofstukke dit duidelik dat dit die SAOU se standpunt is dat hul leierskap die nasionale beleidsraamwerk steun wat, volgens hul stukke, selfs bepaal dat dit skadelik vir 'n leerder is as 'n skool 'n bepaalde geloofskarakter aanneem. Die hofstukke kritiseer ook die rol wat die ouers deur demokraties verkose beheerliggame speel om die geloofskarakter van 'n skool te bepaal. Hoewel mnr. Klopper in nuusbriewe aan die lede van die SAOU sê dat hulle nie 'n bepaalde organisasie steun nie, steun die nuwe hofstukke die argumente van die "Organisasie vir godsdienste-onderrig en demokrasie" so sterk dat dié organisasie se voorsitter mnr. Klopper in gloeiende taal bedank het. Tweedens strook die standpunt in die SAOU-nuusbriewe en -mediaverklarings dat hulle die "status quo van godsdienstebeoefening" in skole en die betrokke nasionale beleid steun, nie met die standpunte in die SAOU se nuwe hofstukke nie. Dit spyt my om te sê dat daar so 'n groot verskil is tussen die standpunte in die nuwe hofstukke naamlik dat skole nie 'n Christelike karakter mag aanneem nie en die nuusbriewe en mediaverklarings dat die SAOU die "status quo" van godsdienstebeoefening voorstaan, dat dit op openbare misleiding neerkom. Indien die SAOU se hofargumente slaag, is dit duidelik dat skole se Christelike karakter en godsdienstige praktyke totaal sal moet verander.

## **Versoek aan die SAOU: Onttrek hofstukke**

In die SAOU se dokumente word dit gestel dat hul nuwe standpunt uit regsadvies spruit. Die nuwe standpunt strook grootliks met die standpunte van die "Organisasie vir godsdienste-onderrig en demokrasie." Hierdie ommeswaai strek egter veel dieper as net regsargumente. Dit behels 'n totale ommekeer in die SAOU se lewens- en wêreldbeskouing waarvoor die onderwysunie dekades lank bekend was. Daarom twyfel ons sterk of hierdie ommekeer die steun van die SAOU se breër leierskap en ledebasis geniet.

Ons beswaar teen die SAOU-leierskap se optrede berus op die volgende punte:

1. Dat 'n hofoorwinning vir hulle nuwe standpunt 'n verpletterende neerlaag vir Christenopvoeding sal wees;
2. Dat sodanige hofuitspraak die dekade lange karakter en identiteit van skole in 'n oogwink ongrondwetlik en selfs onwettig sal maak;
3. Dat hulle in die hof téén hul lede en ledeskole standpunt inneem;
4. Dat hulle lynreg teen die uitdruklike mandaat van hul lede optree;
5. Dat hulle nie met vennote soos FEDSAS en AfriForum, as vriend van die hof, kerkgenootskappe en/of die Afrikaanse gemeenskap geskakel het voordat hulle as leierskap hierdie totale ommekeer gemaak het deur teen skole se Christelike karakter,

- teen hul lede, teen Christelike onderwys, teen leerders wat Christelike onderwys verkies en teen skoolbeheerliggame en ouers in die hof standpunt in te neem nie;
6. Dit kom voor of hulle ook nie voldoende met lede gekonsulteer het voordat hulle so dramaties van posisie verander het nie;
  7. Ons maak beswaar dat hul nuusbriewe en mediaverklarings nie hul hofstukke getrou weergee nie – wat selfs op growwe openbare misleiding neerkom;
  8. Dat hulle ouers se inspraak deur beheerliggame wil beperk deur nasionale beleid en groter staatsregulering en -beheer ten koste van ouerinspraak voor te staan;
  9. Dat hulle nie 'n studie gedoen het oor die waarskynlike uitwerking wat so 'n radikale ommekeer in die karakter van skoolopvoeding op skole, leerders en onderwysers gaan hê nie;
  10. Dat die SAOU-leierskap hulle nie eerder van deelname aan die saak weerhou het in plaas daarvan om lynreg teen hul lede, skole, ouerbeheerliggame en vennote standpunt in te neem en in die proses ledegeld gespandeer het om senior regslui te betaal en dít om hul eie lede teen te staan; en dat
  11. Ons by die skole en Fedsas se standpunt staan dat skole die vryheid moet hê om deur die demokraties verkose beheerliggame 'n skool se godsdienstige karakter te bepaal.

In die lig hiervan voel ons uiters ontsteld en teleurgesteld oor die SAOU-leierskap se ommekeer en die manier waarop dit gedoen is. Hierdie skrywe is grootliks dieselfde as 'n skrywe wat op 2 April aan die SAOU-leierskap gerig is met die versoek om liefsvol aan die saak te onttrek.

Indien die SAOU-hoofde met hierdie nuwe standpunt soos vervat in hul hofstukke volhard, gaan die geskiedenis hulle hard oordeel as die leierskap wat die einde van Christelike onderwys in Suid-Afrika help bewerkstellig het. Daarom rig ons hiermee 'n ernstige versoek aan skoolhoofde as mede-Christengelowiges om die SAOU-leierskap te vra hom hul nuwe stukke terug te trek en aan die saak te onttrek, of andersins om die nuwe stukke te onttrek en te volstaan by hul pro-godsdiens-standpunt wat ingeneem is in die SAOU se aanvanklike aansoek van 10 Maart 2016.

Vriendelike groete



Flip Buys

**Voorsitter: Solidariteit Beweging**